higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

TOERISTEBESTEMMINGS N4

8 JUNIE 2018

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1: KAARTWERK

1.1 1.1.1
- Om plekke, soos lande of dorpe, oor die wêreld op te soek
- Om geografiese kenmerke soos berge, riviere, mere, oseane en ander natuurlike kenmerke te toon
- Om 'n spesifieke bestemming soos 'n land, 'n stad of dorp, 'n streek, 'n attraksie of provinsiale grense op te soek
- Om grense, huidig of histories, te toon
- Om landvorms met kontoerlyne wat hoër as seevlak is, te toon
- Om infrastruktuur, soos spoorlyne, lughawens, akkommodasie en paaie, te toon
- Om drastrukture (soos stadions) te toon
- Om temas, soos klimaat, te toon
- Om skaal en afstand te toon (Enige 3 × 1) (3)

1.1.2
- Namibië
- Botswana
- Zimbabwe
- Lesotho (4)

1.1.3 Indiese Oseaan (2)

1.1.4 Kimberley (2)

1.1.5 Saldanhabaai (2)

1.1.6
- Rovos Rail
- Bloutrein (2 × 2) (4)

1.2 1.2.1 Ewenaar
1.2.2 Afrika-
1.2.3 Greenwich-meridiaan
(3 × 1) (3)
[20]

VRAAG 2: SUIDELIKE AFRIKA EN SUID-AFRIKA

2.1
- iSimangaliso-vleilandpark
- Die Kaapse Blommeryk
- Die uKhahlamba Drakensberg
- Die Vredefort-koepel
- Die Richtersveld Kulturele en Botaniese Landskap (Enige 3 × 2) (6)

2.2 2.2.1 The Sharpeville-slagting was ‘n gebeurtenis wat op 21 Maart 1960 by die polisiestasie in die Suid-Afrikaanse township Sharpeville in Transvaal (vandag deel van Gauteng) plaasgevind het.

Na ‘n dag van demonstrasies teen paswette het ‘n groep van ongeveer 5,000 tot 7,000 swart betogers na die polisiestasie toe gegaan. Die Suid-Afrikaans Polisie het op die groep gevuur en 69 mense gedood. Bronne verskil oor die gedrag van die groep; sommiges beweer dat die groep vreedsaam was, terwyl ander sê dat die groep klippe gegooi het na die polisie, en dat die skietery begin het toe die groep nader beweeg het aan die heining rondom die polisiestasie.

In Suid-Afrika word 21 Maart vandag as Menseregtedag gevier, en word die Sharpeville-slagting gedenk.

2.2.2 Die Soweto-opstand was ‘n reeks betogings wat deur hoërskoolstudente in Suid-Afrika gelei is en wat die oggend van 16 Junie 1976 begin het.

Studente van talle Soweto-skole het in reaksie op die instelling van Afrikaans as die medium van onderrig in plaaslike skole, in die strate van Soweto begin betoog. Na raming het 20,000 studente aan die betogings deelgeneem. Hulle is met polisiebrutaliteit begroet. Dit getal betogers wat deur die polisie gedood is word gewoonlik as 176 aangedui, maar ramings van tot 700 is gegee. Om hierdie gebeure te herdenk is die 16de Junie nou ‘n openbare vakansiedag in Suid-Afrika en word dit as Jeugdag gevier.

2.2.3 Vryheidsdag is ‘n Suid-Afrikaanse openbare vakansiedag (sy nasionale dag) en word op 27 April gevier. Dit vier vryheid, en gedenk die eerste post-apartheidverkiesings wat op daardie dag in 1994 gehou is. Die verkiesings was die eerste nie-rassige nasionale verkiesings waar almal van stemgeregtigde ouderdom bo 18 jaar uit enige rassegroep, insluitend buitelanders met permanente verblyfreg in Suid-Afrika, toegelaat is om te stem. Voorheen, onder die apartheidregime, het nie-blankes slegs beperkte stemreg gehad. Op die eerste viering van hierdie vakansiedag het President Mandela die Parlement toegespreek.

(3 × 2) (6)

2.3
- Kaapstad-hawe
- Durban-hawe (2 × 2) (4)

2.4 2.4.1 Suid-Afrika: 'Inspiring New Ways' (2)

2.4.2 Die student kan JA of NEE antwoord en moet die antwoord motiveer. (1 + 1) (2)
[20]

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

VRAAG 3

3.1 3.1.1 Pilanesberg-lughawe
Ligging: Pilanesberg-wildtuin (2 + 2) (4)

3.1.2 Ja
Die oord is gevestig rondom die tema van 'n kunsmatige strand met golwe, en swembaddens. (Enige relevante antwoord) (2 + 2) (4)

3.1.3 Ja
Die oord bied voortreflike akkommodasie; dit is naby die lughawe geleë en 'n verskeidenheid konferensiegeriewe is beskikbaar.
(Enige relevante antwoord) (2 × 2) (4)

3.1.4 Kunsmatig
Die oord is deur mense gebou; dit sluit selfs die strand in.
(Enige relevante antwoord) (2 × 2) (4)

3.1.5
- Swem
- Voetslaan
- Dobbel
- Besoeke aan spa (4)

3.2 3.2.1 Mafikeng/Mahikeng

3.2.2 Daar is 'n rykdom aan minerale weens al die platinummyne in die provinsie.

3.2.3 Platinum Stars F.C.

3.2.4 Royal Bafokeng

3.2.5 Mnr Supra Mahumapelo (November 2016)
(5 × 2) (10)

3.3 3.3.1 Magaliesberge
3.3.2 Welwitschia en Cameleon-dorpsmark
3.3.3 Red Dragon
3.3.4 Hekpoort
3.3.5 Plumari-wildtuin

(5 × 2) (10)
[40]

VRAAG 4

4.1 4.1.1 Lavumisa-dorp (2)

4.1.2 Die reservaat beslaan 4,560 hektaar en bestaan uit ‘n suidelike en noordelike deel. Die grasvlaktes in die suidelike deel strek tot by die indrukwekkende Nyonyane-berg met sy oop granietpiek wat as die ‘Rock of Execution' bekend staan. Al die opsies vir akkommodasie, uiteet en aktiwiteite by Mlilwane is gekonsentreer binne hierdie suidelike deel van die park, met die uitsondering van begeleide staproetes wat die ongerepte noordelike deel binnegaan.

Die Mlilwane-wildreservaat is Swaziland se pioniersbewaringsgebied en is ‘n pragtige, afgesonderde reservaat geleë in die Koninkryk se Ezulwini-vallei, die 'Valley of Heavens'. Dit lê tussen Mbabane en Manzini, en die hek bied 24 uur-toegang tot die reservaat (behalwe vir die aanvanklike registrasie, wat voor 6 nm gedoen moet word). Dit stel gaste in staat om die naburige toeristesentrums Ezulwini en Malkerns met hul talle unieke attraksies en handwerkwinkels te geniet.

In die mooie Ezulwini-vallei is die Mlilwane-wildreservaat een van Swaziland se eerste bewaringsgebiede en sy gewildste wildtuin. Dit is begin deur Ted and Elizabeth Reilly, wat hul plaas by Mlilwane met die ondersteuning van Koning Sobhuza II in ‘n wildreservaat omskep het.

Die Mlilwane-wildreservaat is ‘n organisasie sonder winsbejag, en het tans gegroei tot 4,560 hektaar wildernis omring deur die Nyonyane- ('Plek van die klein voëltjie’) berge. Aanvanklik is diere en plante van vêr af ingebring, maar vandag is die Mlilwane-reservaat tuiste vir meer as 400 soorte voëls, asook talle diere soos zebras, blouape, krokodille, vlakvarke, rooikatte, seekoeie en wildsbokke. Die reservaat bied oorgenoeg aktiwiteite aan. Dit sluit in wildbesigtigingsritte, staptogte, bergfietsry, perdry, ‘n kulturele belewenis in ‘n dorpie, en swem in die ruskamp se swembad. Daar is akkommodasie vir kampeerders en rugsakstappers, sowel as volledig toegeruste vakansiehuisies, tradisionele Swazi-styl byekorfhutte en ‘n luukse berglodge vir die wat ‘n bietjie meer gerief soek. (2 × 2) (4)

4.1.3 Ja
Voetslaan is 'n uitstekende manier om met die flora en fauna in aanraking te kom. (2 + 2) (4)

4.1.4
- Die paspoort moet vir tenminste drie maande langer as die beoogde verblyf geldig wees, en moet minstens twee skoon bladsye bevat.
- Besoekers wat langer as 30 dae wil bly moet by die Direkteur van Immigrasie en Paspoortdienste daarvoor aansoek doen. (2)

4.1.5 Ngwenya-glasfabriek – Glasblasers
Swazi-kersfabriek – Sierkerse
Rosecrafts – Handgeweefde materiaal (Enige relevante 3 + 3) (6)

4.1.6 Golela-grenspos (2)

4.2 4.2.1 19 April
Verjaardag van Koning Mswati III (2 + 2) (4)

4.2.2 MIV/VIGS
Beoefen veilige seks (Enige toepaslike antwoord) (2 × 2) (4)

4.2.3
- Daar is groot moderne winkelsentrums ('malls'), met meubelwinkels, klereboetieks, apteke, elektriese kleinhandelaars, skryfbehoefte- en boekwinkels. Dit is die standaardwinkelsentrums.
- Daar is kunsmarkte, kleurvolle mandjies, hout- en klipbeeldjies, glasware, pragtige kerse, batikwerk, juwele – alles uniek Swazi.

(2 × 2) (4)

4.3 4.3.1 D
4.3.2 F
4.3.3 A
4.3.4 E

(4 × 2) (8)
[40]

VRAAG 5

5.1	5.1.1	'n Oorgrenspark maak deur middel van 'n formele ooreenkoms voorsiening vir die gesamentlike bestuur van bewaringsareas wat weerskante oor internasionale grense strek.		(2)
	5.1.2	• Meer lande/organisasies aanvaar die plig van bewaring. • Migreerpatrone van diere word nie geraak nie.	(2 × 2)	(4)
	5.1.3	• Zimbabwe • Mosambiek • Suid-Afrika	(3 × 2)	(6)
	5.1.4	• Limpopo Nasionale Park • Kruger Nasionale Park • Gonarezhou Nasionale Park • Manjinji Pan-reservaat • Malipat-safarigebied • Sengwe gemeenskaplike land • Makuleka-gebied	(7 × 2)	(14)
5.2	5.2.1	Peter Mokaba-stadion		
	5.2.2	Modjadji-broodboomreservaat		
	5.2.3	Polokwane Museum vir Kulturele Geskiedenis		
	5.2.4	Eersteling-monument		
			(4 × 2)	(8)
5.3	5.3.1	C		
	5.3.2	A		
	5.3.3	E		
			(3 × 2)	(6)
				[40]

VRAAG 6

6.1	6.1.1	F		
	6.1.2	E		
	6.1.3	A		
	6.1.4	G		
	6.1.5	B		
			(5 × 2)	(10)
6.2	6.2.1	Rose		(2)
	6.2.2	Mangaung Plek van Cheetahs		(4)

6.2.3
- Nasionale Museum
- Landbou-standbeeld (2)

6.2.4 Die Vrystaat-stadion in Bloemfontein is oorspronklik gebou vir die Rugbywêreldbeker van 1995. Daarna is dit opgeknap om 'n aantal wedstryde vir die '2010 FIFA World Cup™' aan te bied. Tans word dit gebruik deur onder andere die Central Cheetahs, die Vrystaat Cheetahs en die Bloemfontein Celtic Voetbalklub. (3 × 2) (6)

6.2.5 Mangaung Kulturele Fees (2)

6.2.6
- Vrystaat-stadion
- Loch Logan (2 × 2) (4)

6.2.7 Hoek van President Boshof-straat en Park-straat
OF
President Boshof-straat (2)

6.2.8 N8 (2)

6.2.9 Twee (2)

6.3
- B&B @ Bloem
- City Lodge, Bloemfontein (Raadpleeg jongste GSA) (2 + 2) (4)

[40]

VRAAG 7

7.1 7.1.1 Addo Olifant Nasionale Park (2)

7.1.2
- Leeu
- Luiperd
- Renoster
- Buffel
- Olifant
- Groot wit haai
- Suidelike Noordkaper (‘Southern right whale’) (7)

7.1.3
- Alice is die tuiste van die Universiteit van Fort Hare, die eerste universiteit vir swart studente in Suid-Afrika.
- Baie van die huidige leiers in Suid-Afrika is opgelei by die Universiteit van Fort Hare, ook die alma mater van die voormalige President Nelson Mandela.
- Die universiteit is ook die bewaarplek van die argiewe van die African National Congress se dokumente, en huisves een van belangrikste versamelings Afrika-kuns.
- Hooggeplaaste oudstudente sluit ook in: Oliver Tambo en Robert Mugabe. (Enige 2 × 2) (4)

7.1.4
- Swem
- Branderplankry
- Snorkel (Enige toepaslike antwoord) (3 × 1) (3)

7.1.5
- Nelson Mandelabaai-gebied
- Chris Hani-gebied
- O.R. Tambo-gebied
- Alfred Nzo
- Joe Gqabi (Enige 4 × 1) (4)

7.2 7.2.1 Bank St, Fort Glamorgan is opgerig in 1848/49, dieselfde tyd as wat die hawe amptelik geopen is om ‘kwartiere vir troepe te verskaf en ‘n groot kommissariaat in te sluit’. Goedkeuring om die enigste oorblywende struktuur, die Powder Magazine, te besoek moet vooraf verkry word.

7.2.2 Hierdie beeld, wat die universele menslikheid van alle kulture simboliseer, is geskenk deur die mense van Italië. Die beeld het sewe duiwe wat die sewe kontinente van die wêreld verteenwoordig; vir die Afrika-kontinent is die stad Oos-Londen gekies om die beeld van die Multicultural Man uit te stal.

7.2.3 Die Hood Point-ligtoring is geleë aan die buitewyke van Oos-Londen, aan die ooskus van Suid-Afrika. Dit is blykbaar een van die meer gewilde lighuise vir ligwagters omdat dit reg langs ‘n gholfbaan geleë is. Hood Point is die tweede navigasiehulpmiddel wat in 1895 in die omgewing van Oos-Londen opgerig is. Daar is dikwels na Oos-Londen verwys as die ‘Port of wrecks’ aangesien daar meer as 85 skipbreuke langs hierdie kus was.

7.2.4 ‘n Satelliet van hierdie museum in Oos-Londen huisves ‘n versameling karretjies, waens en handkarre uit die Grens-streek. Dit is deur wyle Robin Wells aangeskaf en gerestoureer. ‘n Sigeunerkaravaan, ‘n tuigkamer en ‘n werkswinkel van ‘n wamaker word ook vertoon, sowel as ou voertuie wat deur perde getrek is.

7.2.5 Gately House is ‘n unieke dorpshuis in Suid-Afrika in die sin dat vrywel alles wat vertoon word, oor die jare deur die oorspronklike eienaars aangeskaf is. Dit is in 1876 deur mnr John Gately gebou en is deur sy familie bewoon tot die dood van sy laaste oorlewende kind, Margaret, in 1966. In die hoop dat die huis bewaar sou word, het Margaret Gately die hele inhoud van die huis aan die museum geskenk. Deur die volgehoue pogings van die Border Historical Society en die Raad van Trustees van die Oos-Londen Museum, met die hulp van die munisipaliteit, is die huis gered van sloping en as die Dorpshuis van Oos-Londen bewaar.

(5 × 2) (10)

7.3 7.3.1 Ysterman-Afrika-kampioenskap/Ysterman-kompetisie
7.3.2 FNB Oos-Kaapse Wynskou
7.3.3 Parrot Pride
7.3.4 Morgan Bay Footprints Festival
7.3.5 Grahamstad Nasionale Kunstefees

(5 × 2) (10)
[40]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou